## VAN ONS SUSTERS

**Gesamentlike Sustersafsluiting**
**6 November om 18:30** by Potchefstroom Oos
Onthou om 'n geskenkie saam te bring.
Lyfroom, badseep, waslappie, ens. Vir 'n behoeftige bejaarde.

# Oktoberfeës

## Was daar toe voete?

Meer as genoeg sodat ons R42 000+ wins kon maak. Die Here het ons verkoping geseën vér bo ons verwagtinge. Baie dankie aan elkeen wat gebak, gepak, genooi, gehelp, gesels, gewerk, en dit geniet het.
**Gerrit en Enricus** by @dopperFM het die hele oggend musiek gespeel en gesorg vir 'n vrolike atmosfeer. Die Hamburgers van **Mietsie** het almal verkoop. By die Pannekoeke was die stofies sommer al vroeg-vroeg warm gebak. **Marlise** het al 'n gedugte pannekoekspan en daar was nuwe helpers ook.
**Saartjie** het baie mooi handwerk gekry om te verkoop. Sy het selfs 'n ekstra afdeling gehad met speelgoed en poppe. So het **Nelly** ook 'n tafel gekry. Die **Eloffs** het vir die koeldrank gesorg. **Johan Viljoen** en **Gert Jacobs** het ons eretafel beman, ons eerste vleistafel. Ons het hierdie jaar net wors en patties gehad, maar het groot planne vir 2019. Die prettige rooi Kerrie en Rystafel van **Ineke** en haar helpers het die tweede meeste wins gemaak. Sonder poedings kan 'n kerk nie 'n verkoping hou nie - **Leana** en **Alta Hugo** het dit behartig.
Ek is so bly om te kan skryf dat ons baie knap Susters in die kombuis het. Die tafel het gekreun en alles is verkoop by **Ina** en **Amanda**. Die Wit Olifanttafel het meer as R 7 000 gemaak. **Flip**, **Faans** en **Hannes** het hier behoorlik gewoel en gewerskaf. **Susan Jacobs** het al die kindervermaak gereël. Daar was 2 springkastele en 'n baie vrolike kindertafel.
By die teetuin het dit gegons. **Erika** is nie net 'n knap bakster nie maar ook 'n bobaas koffiehuis-bestuurder.
By al hierdie tafels het ons ook mense wat 'n baie belangrike ondersteunende rol in die sukses speel. **Leana,** ons tesourier, moes al die geld behartig en dis 'n kophou-werk. Dit het behoorlik bontstaan van **Pieter** gekos om al hierdie mense te help. Hy het regtig oral gehelp. Meer oor die finansies in die volgende Kerkwerf. - *Karin Bain*
*Aan Karin vir haar entoesiasme en dryfkrag, BAIE DANKIE!!*

# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 34, nr 36 Sondag 4 November 2018
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 018 294 3402
rudynell@telkomsa.net

**Eredienste**: 09:30 en 18:00 **Predikant:** Ds Ronald Bain **082 339 0933**
Kantoor **018 294 4600 Faks: 086 610 9283** Pastorie: **018 293 2116** Karin Bain **082 532 1620**
**Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** **Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
**E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurte:** Ouderlinge: **Wynand Putter** C2 **Gerrit Badenhorst** C3, diakens wyk C2 is **Reinhart Boersema** en C3 **Klaas Wyma.**
**Teeskink na die erediens:** Susters van wyke **A5 en A6**. Wyksusters is **Leana Mostert en Hanlie Jordaan.**
**Diens Huis Eikelaan om 15:30:** Ouderlinge **Gert Meyer en Frikkie Venter**
**Bussiediens:** Vandag ry **Terence Kent** 076 242 3641
Sondag **11 November** ry **Zurich Terblanche** 083 968 6074

*Goeiemôre broers en susters, kinders en besoekers*

## EREDIENS Albei dienste word gelei deur ds Ronald Bain

**OGGEND: Skrifgedeelte:** Nehemia 3: 1 - 9; 27 - 32.
**Fokusgedeelte:** Nehemia 3:1
**TEMA:** ***Die Here bekwaam sy kinders vir hulle dienswerk***
**Vooraf:** Skrifberyming 54: 1, 2 (Tema 2 – 6); Skrifberyming 46: 1, 4, 5; (Tema 18 – 4)
**SING:** Psalm 92: 1, 2, 6; Psalm 51: 7, 8; Psalm 102: 8, 9; Psalm 147: 1, 2.

**AAND: Skrifgedeelte**: Johannes 6: 28 - 44
**Fokusgedeelte:** Johannes 6: 44. **Dordtse Leerreëls 3 & 4: 10**
**TEMA:** ***Die mens kan net gehoor gee aan die evangelie omdat God jou trek.***
**SING:** Psalm 135: 1, 2; Psalm 119: 44, 45; Psalm 89: 6, 7

**Hannah,** dogtertjie van Orrie en Elaine Oosthuizen word vanoggend gedoop.

**Nagmaalete 11 November:** Lidmate kan vanoggend nog hulle name by **Johan du Plessis** in die saal opgee.

### Dagboek

4 Nov: **Voorbereiding-diens**
11 Nov: **NAGMAAL**
**Gemeente-ete om 12:00**

**Nagmaal 11 November 2018**
Ons herinner dat lidmate van ander Gereformeerde Kerke wat saam met ons nagmaal wil vier, vroegtydig getuienis van hulle kerkrade moet deurstuur aan Br. Johan Du Plessis by die kerkkantoor.

## LIEF EN LEED

**Marie Kits** is steeds in Mediclinic vir behandeling.
Ons dra haar op aan die Here se genadetroon.

**Lina de Bruyn** is intussen ontslaan uit die hospitaal. Ons dink aan haar in ons gebede.

**Jan-Charl Venter** ☎ 082 650 4058 is Donderdag geopereer en sterk tuis aan. Ons bid hom spoedige beterskap toe.

**Marie Coetsee** ☎ 083 566 7627 is vir behandeling in Pretoria by haar dogter Rina Noeth. Mag die Here haar vashou.

Die NWU het pas bekendgemaak dat Alta Schutte 'n toekenning vir Uitnemendheid in Navorsing ontvang het: *Mees Aangehaalde Navorser op Internasionale Vlak. Baie geluk Alta*

## VAN ALLES EN NOG WAT

**KOLLEKTES: Vandag en volgende Sondag:** Onder die erediens vir **Barmhartigheid**. By die deure vanoggend vir ons **Jeug.**
Die kollekte vanaand by deure is vir **instandhouding van die erediens**.
Volgende Sondag se kollekte die oggend vir **Emeritaatsversorging.**

---

**KATEGESE**
Vanoggend is dit die oorhandiging van die **Kategesesertifikate** aan ons katkisante.

---

**BYBELSTUDIES** Ons weeklikse Bybelstudies is soos volg:



**Huis Eikelaan** om 15:00 op Dinsdae
**Jongmense** om 18:30 op Woensdae in Jeugkamer.
**Oggendbybelstudie** Donderdae om 9:30 in konsistorie.
**Donderdagaande** om 18:30 in konsistorie.

---

**VERGADERINGS in Oktober:**
4 November: **Kerkraad- en Diakonie** vergader vanaand na aanddiens.
5 November: **Gemeentebladkommissie** om 17:30 te Nieuwestraat 16.

Hoewel die getal dopelinge per jaar in ons gemeente klein is en dus ook baie wissel, varieer die persentasies maar rondom 'n effens kleiner gemiddelde as die GKSA s'n. As 2018 se statistiek (nog nie amptelik beskikbaar nie) in ag geneem sou word, waar ons 6 dopelinge (1,5%) gehad het, gaan die gemiddelde van ons gemeente op na 1,1%. Dit wil dus lyk asof ons gemeente se getalle babas wat oor die afgelope tyd gedoop is, geensins afsteek teen dié van die kerkverband nie! *- Faans Steyn*

## GEMEENTE-ETE NA NAGMAAL vanaf 12:00

Die kos wat Susan en Koos Nortjé maak is altyd 'n heerlike ete. Hoe klink hierdie spyskaart: Gerookte varkboud. Geroosterde biefstuk en Groentes. Roomys!!! Vir R 30!!!

Kom eet saam DV op **11 November 2018**

Johan du Plessis sal die **besprekings** behartig in die kerksaal of telefonies by 018 294 4600. Die koste is nog steeds **R 30** per persoon.

## VAN ONS DIAKONIE

Die kollektes vir **Barmhartigheid** van Sondag 28 Oktober was R 5 880 en die kollekte vir die **Thusofonds** was R 2 320.

**DIAKONIE SE KOSKAS**
Skryf asseblief hierdie op u inkopielys:

- **Skottelgoedseep • Toiletpapier • Pasta • Beskuit**
- **Aanmaakkoeldrank**

Ons het baie tee, rys en mieliemeel. Baie dankie aan almal vir die bydraes.

**FOTOBORD** Nuwe lidmate word gevra om na die diens na die saal te kom vir die neem van 'n foto vir die fotobord. **Melissa Kent** sal die foto's neem

## POTCHEFSTROOMSE MANNEKOOR

**Kerssangprogram. Donderdag 15 November om 19:00**
**NG Kerk Vyfhoek**

**ATTESTATE ontvang:**

Vanaf die Gereformeerde Kerk Cachet, **Nandri de Beer,** Wilgenhof 1, ☎ 079 696 9147. Sy is in Wyk D2, met ouderling Banie Boneschans, diaken Theunie Chamberlain en die wyksuster is vakant.

Vanaf die Gereformeerde kerk Mooirivier, **Stefanus Rudolf Kruger** (Roelf) woonagtig in Ons Hulde, A gang Kamer 3, ☎ 018 297 5260. Die ouderling is Andre Vorster en diaken Fanie Coetsee. Die wyksuster is Willie van der Walt.

***Baie welkom in ons gemeente***

## VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Ons wens doop- en belydende lidmate wat gedurende dié week verjaar baie geluk met jou verjaardag:

| | |
|---|---|
| 4 Nov | **Miekie Coetzee,** Villa Louanne 2, ☎ 071 887 1814 Wyk A5 |
| | **Annetjie Kruger,** Villa Michelle 3, ☎ 076 391 7688 Wyk B1 |
| | **Theuns Smit,** Kruisstraat 98 Wyk A4 |
| 5 Nov | **Carmie Huisman,** Mooiriviertuine 8, ☎ 061 297 2891 Wyk 6 |
| | **Frieda van der Walt**, Vyfhoek Hoewe 993, ☎ 071 169 6521Wyk B3 |
| 6 Nov | **Cas Stoop,** Bloemstraat 20, ☎ 082 431 2831 Wyk B1 |
| 7 Nov | **Marlet Baptista,** Aandblomstraat 13, ☎ 072 784 0687 Wyk A6 |
| | **Rene Horn,** Lungilewoonstel 8, ☎ 072 902 8816 Wyk D1 |
| 9 Nov | **Frannie Alberts,** 1e Laan 32A, Parys, ☎ 083 386 7193 Wyk B3 |
| 10 Nov | **Saartjie Badenhorst,**Molenstraat 29, ☎ 082413 9348 Wyk A2 |
| | **Lloyd Donald,** Stormstraat 5, ☎ 083 719 1389 Wyk E2 |
| | **Hanlie Jordaan,** Van Rooystraat 3, ☎ 082 857 9470 Wyk A2 |
| | **Betsie van der Smit,** Villa Seville 2, ☎ 018 290 8391 Wyk B5 |

# Jongmense

Koffiedrink vir alle jongmense na die aanddiens. Dit gaan baie lekker wees en bied 'n geleentheid vir almal om mekaar te leer ken. Vir enige navrae kontak Willem van Heerden op 076 450 0562.

**Die tafels is gedek en daar is koffie en tee in die saal.**
**Dit is 'n wonderlike geleentheid om gesellig te verkeer.**
*Ons vra dat nuwe lidmate ook kom om kennis te maak*
**Susters van wyke A5 en A6 versorg vandag die tee en koffie**



# Ons gemeente se statistiek (2)

Die nuutste inligting oor ouderdomme van al ons lidmate is deur ons skriba, Johan du Plessis, aan my verskaf sodat ek interessante statistieke daaruit kon verkry. Die gemiddelde ouderdom van ons 403 lidmate is die mooi ronde getal van 50 jaar, terwyl die helfte van ons lidmate ouer as 56 jaar is, 'n kwart ouer as 72 en die oudste lidmaat 93 is. 'n Kwart is jonger as 28. Dit is ook interessant om na die verspreiding van ons al die ouderdomme van lidmate te kyk. Die volgende figuur gee dit:




Hieruit sien ons bv. dat daar 5 lidmate is wat ouer as 90 is (omtrent 1% van ons lidmate), 10% wat 10 jaar en jonger is, amper 70 lidmate met ouder-domme tussen 60 en 70, ens.

Siende dat daar geen sulke inligting vir die hele kerkverband bestaan nie, kan mens seker net spekuleer of ons 'n gemeente is wat oorwegend ouer as dié van die GKSA is. Ons kan egter die getal lidmate wat oorlede is in GK Potchefstroom per jaar as 'n persentasie van die totale lidmatetal bepaal. Dit kan ook vir die kerkverband gedoen word en dan kan die twee stelle persentasies vergelyk word.

Die volgende tabel gee persentasies vanaf 2009 tot 2017 en ook die gemiddeldes vir % oorledenes en ook vir % babas wat gedoop is van die GKSA en ons gemeente. Hierdie jaarlikse inligting kon ek gelukkig verkry uit vorige uitgawes van die Almanak van die Gereformeerde kerke in SA. Die % lidmate oorlede die afgelope jare in ons gemeente wissel baie (a.g.v. die klein getalle) maar is deurgaans groter as dieselfde persentasies vir die kerkverband. Die afleiding wat dan gemaak kan word, is dat ons bogenoemde spekulasie oor die ouderdomme van ons lidmate, heelwaarskynlik korrek is. →

| | GKSA | | GK Potch | |
|---|---|---|---|---|
| Jaar | %Oorlede | %Doop | %Oorlede | %Doop |
| 2009 | 0,9 | 0,9 | 3,2 | 0,3 |
| 2010 | 0,9 | 1,0 | 3,7 | 1,3 |
| 2011 | 1,3 | 1,7 | 3,1 | 1,8 |
| 2012 | 1,4 | 1,8 | 2,8 | 1,9 |
| 2013 | 1,3 | 1,2 | 4,8 | 0,3 |
| 2014 | 1,2 | 1,0 | 2,5 | 1,1 |
| 2015 | 1,3 | 1,2 | 3,4 | 0,6 |
| 2016 | 1,2 | 1,0 | 1,7 | 1,5 |
| 2017 | 1,4 | 1,1 | 1,7 | 0,0 |
| Gemiddelde | 1,2 | 1,2 | 3,0 | 1,0 |